C. Klanke

Lees weer deur die teks en skryf al die woorde met ee in die blokkies neer.

__ e e __	__ e e __	__ e e __

Lees weer deur die teks en skryf al die woorde met aa in die blokkies neer.

__ a a __	__ a a __	__ a a __
__ __ __ __ a a __	__ a a __ __	

D. Kaden hou partytjie (vervolg)

Datum:_____

Die groot dag het uiteindelik aangebreek. Kaden is nou nege jaar oud! Hy is so opgewonde en kan eintlik nie wag om sy geskenke oop te maak nie.

Hy was in sy noppies met sy nuwe fiets en kon nie wag om op te klim en te ry nie. Hy kan ook nie meer wag nie, want vanmiddag is sy partytjie en al sy beste maatjies gaan daar wees.

Al sy maatjies is die middag by sy partytjie. Hulle wens hom geluk en dan trek hulle hul kamoefleerklere aan. Hulle gaan nou verfbal speel. Daarna is dit tyd om iets te eet en te drink. Daar is die heerlikste lekkernye en yskoue koeldrank om hulle dors te les.

Kaden se mamma roep al die maatjies bymekaar. Hulle kom staan saam met Kaden om die tafel. Die kersies op die koek word aangesteek. Almal sing om hom met sy verjaarsdag geluk te wens en dan blaas Kaden al die kersies uit.

Later die middag kry elke maatjie 'n geskenkpakkie om huis toe te neem. Volgende jaar hou hulle weer 'n lekker partytjie!

Leer hierdie uitdrukking:
In sy noppies.
(very happy)

Sigwoorde

Soek en onderstreep die volgende sigwoorde in die teks.

die is hy kan nie
op sy al wag met
beste wees was en
by kon te dan 'n
hul gaan nou speel
tyd hulle om eet
roep sing uit later
huis neem volgende
lekker weer hou

Soek die Engelse betekenis van die woorde in 'n woordeboek op.

vervolg _____

uiteindelik _____

eintlik _____

kamoefleer_____

klere _____

verfbal _____

heerlikste _____

kersies _____

blaas _____

Skryf ses woorde uit die teks wat jy nie verstaan nie met hulle Engelse betekenis hieronder neer.

AFRIKAANS	ENGELS	AFRIKAANS	ENGELS
1.		4.	
2.		5.	
3.		6.	

Maak jou eie sinne waarin die volgende sigwoorde voorkom.

hy, volgende, lekker - _____

_____

hulle, sing, sy - _____

_____

roep, tyd, eet - _____

_____

hy, om, sy - _____

_____

later, huis, kan - _____

_____

E. Klanke

Datum:_____

Lees weer deur die teks en skryf al die woorde met ie in die blokkies neer.

__ i e __ __	__ __ __ __i e __

Lees weer deur die teks en skryf al die woorde met ei in die blokkies neer.

__ __ __ e i __ __ __ __ __ __	e i __ __ __ __ __

F. Verlede tyd

Datum:_____

Skryf die sinne in die verlede tyd.

Voorbeeld: Kaden **hou** baie van partytjies.
Kaden **het** baie van partytjies **gehou**.

1. Kaden word vroeg wakker.

   _____

2. Hy kry baie geskenke.

   _____

3. Hy ry op sy nuwe fiets.

_____

4. Hulle drink yskoue koeldrank.

_____

5. Hulle speel interessante speletjies.

_____

6. Johnny lag baie lekker.

_____

7. Hulle eet heerlike koek.

_____

8. Hulle vat hulle geskenkpakkies huis toe.

_____

_____

9. Die maatjies sing vir Kaden.

_____

G. Gedig **Datum:** _____

Lees die volgende gedig en beantwoord die vrae.

Lekker verjaar

Al ons maatjies is bymekaar,
want een van ons verjaar.
Vandag gaan ons weer lekker speel
en in die dag se lag en pret deel.

Koeldrank, lekkers en koek
is net wat ons klomp soek.
Bring die koek en blaas die kersies dood,
dan maak ons gou geskenkies oop.

1. Hoekom is al die maatjies bymekaar?

   _____

2. Gaan die maatjies lekker speel? Trek 'n kruisie in die korrekte sirkel.

   JA NEE

3. Wat gaan die maatjies drink? Skryf een woord neer.

   _____

4. Wat gaan hulle eet?

   _____ en _____

5. Waar is die kersies?

   _____

H. Bedankingsbriefie **Datum:** _____

Jy het Kaden se verjaarsdagpartytjie bygewoon. Skryf vir hom 'n briefie waarin jy hom vir die heerlike partytjie bedank. Noem twee goed/dinge waarvan jy baie by sy partytjie gehou het.

Baie dankie

Liewe Kaden

_____

_____

_____

_____

_____

_____

I. Voornaamwoorde (pronouns)

Datum:_____

Voornaamwoorde word in die plek van name gebruik.

Ek – my – myne

Hy – sy – syne

Sy – haar – hare

Ons – ons s'n

Julle - julle s'n

Hulle – hulle s'n

Lees nou die volgende paragraaf en onderstreep al die voornaamwoorde.

Al sy maatjies is die middag by sy partytjie. Hulle wens hom geluk en dan trek hulle hul kamoefleerklere aan. Hulle gaan nou verfbal speel. Kaden sê dat hy baie bly is dat hulle almal na sy partytjie gekom het. Jessica se ma het haar kinders later die middag kom haal. Sy bedank Kaden en sy ouers vir die heerlike middag.

Lees die volgende sinne en skryf die ontbrekende voornaamwoord neer.

1. (Kaden) _____ hou van (Kaden se) _____ geskenke.
2. (Kaden) _____ nooi (Kaden se) _____ maatjies uit.
3. (Sy maatjies) _____ kom na (Kaden se) _____ partytjie.
4. (Jessica) _____ trek (Jessica se) _____ mooi rokkie aan.
5. (Die maatjies) _____ sing vir (Kaden) _____
6. (Ek en Johnny) _____ eet lekker koek en lekkers.
7. (Die maatjies) _____ gaan verfbal speel.
8. (Kaden se ma) _____ het vir (Kaden) _____ 'n heerlike koek gebak.